Geheuespel

Vir 1 tot 8 spelers
Ouderdom 3 tot 103

Een speler:

Skommel al die kaartjies deeglik. Deel al die kaartjies in rye gesigkant na onder. Begin deur twee kaartjies om te draai. As hulle nie dieselfde is nie, sit hulle in dieselfde posisie terug en draai weer gesigkant na onder. Herhaal weer met twee verskillende kaartjies. Wanneer twee van dieselfde kaartjies omgedraai word, kan jy die twee kaartjies hou.

Doel: Hierdie is 'n geheuespel. Die speler moet probeer om die prentjies se posisie te onthou.

Wanneer daar slegs een speler is kan 'n tydhouer gebruik word. Dus moet die speler kyk hoe vinnig hy die speletjie kan klaarmaak.

Die spel eindig wanneer die speler al die kaartjies se pasmaats gevind het.

Twee of meer spelers:

Skommel al die kaartjies deeglik. Deel al die kaartjies in rye gesigkant na onder. Jongste speler begin deur enige twee kaartjies op die tafel om te draai. As hulle nie dieselfde is nie, moet die speler hulle in dieselfde posisie terugsit en weer gesigkant na onder draai. Speel nou kloksgewys verder. Die tweede speler kry nou kans om twee kaartjies om te draai. Weer eens as dit nie dieselfde is nie moet dit gesigkant na onder op dieselfde posisie terug gesit word.
Indien 'n speler twee kaartjies wat dieselfde is omdraai, kan hy die twee kaartjies van die tafel afhaal en by hom hou. Hierdie speler kan dan weer speel en nog twee kaartjies omdraai. Daar moet beurte gemaak word om te speel, tot die spelers al die kaartjies se pasmaats gevind het.

Doel: Hierdie is 'n geheuespel. Die spelers moet probeer om die prentjies se posisie te onthou.

Wenner: Wanneer daar geen kaartjies op die tafel oor is nie, moet elke speler die kaartjies in sy hand tel. Die persoon met die meeste kaartjies is die wenner.

Vaardighede

Hierdie spel is nie net pret nie, maar help ook om belangrike vaardighede te ontwikkel, onder meer die volgende:

- Konsentrasie
- Visuele geheue
- Visuele diskriminasie

Variasies

Vir jonger kinders kan minder kaartjies gebruik word.
Kinders onder drie kan ook speel, maar dan moet al die kaartjies gesigkant na bo gedraai word. Die speler moet dan al die kaartjies se maatjies soek.

Vir nog speletjies en ander opvoedkundige produkte in Afrikaans besoek asseblief **www.kinderwerf.co.za** of skakel ons by 082 541 8967 / (011) 794 2541

Kopiereg Kinderwerf 2006.

****